

Fokusgedeelte: Daniël 2:17, 18(a) *Daarna is Daniël huis toe en hy het vir sy vriende ... vertel wat aan die gang is en hulle gevra om die God van die hemel om genade te smEEK oor die droom.*

Hoe tree jy op in jou ontsteltenis? Daniël!

Nebukadnesar se droom het sy hele ryk geraak – ook Daniël en sy drie vriende. Hulle is ook onder die wyses gereken (1:17). Daarom raak die bevel van die koning hulle ook: Gee die droom en sy uitleg of julle word aan stukke gekap. So ontvang ook Daniël die boodskap en wat is sy optrede?

DANIËL: *Toe gaan Daniël na sy huis (OAV).* 'n Boodskap vol donkerte. Angswekkend. 'n Flitsende swaard. Maar hy gaan na sy huis. Nie om weg te kruip nie, maar na die rustige atmosfeer. Daar roep hy sy vriende saam en vertel hulle die hele saak. Hy vind enersyds versterking in die teenwoordigheid van sy vriende, maar dit gaan nie om hulle hulp nie, want dan sou hy niks hoër gestaan het as Nebukadnesar en sy geleerdes. Nee, hy vertel die saak aan sy vriende en dan staan hier: *Dat hulle barmhartigheid van die God van die hemel moes afsmeek oor hierdie geheim (OAV).* Hy gaan huis toe. Na sy vriende toe. Om ... om te gaan bid! Daniël in gebed oor die probleem! Saam met sy vriende!! Hulle maak nie saam planne nie, maar sak af op die knieë. Hulle buig voor die God van die hemel. Die God wat bevel voer in die hemel en op aarde.

Daniël se optrede is totaal anders. Hy gryp nie na menslike hulp of geweld nie, maar na God – die Almagtige! Daar in sy huis het die viertal gekniel! Saam die hart tot God opgehef. Genade gevra oor die geheim. Iemand sê: Toe al die weë toegemessel was, het Nebukadnesar sy toevlug gesoek in geweldpleging. Toe Daniël geen uitkoms meer sien nie, neem hy toevlug tot God en pleeg heilige geweld deur die gebed.

In die donker nag van angs en benoudheid gryp die wêreld na die swaard. In dieselfde donker nag gryp die gelowige, die kerk van die Here na die wapens van gebed. Daniël hulle bid en gaan slaap dan, verss 19 – *Toe is die geheim aan Daniël geopenbaar in 'n nagtelike visioen.* Nebukadnesar rol rond, Daniël slaap rustig. Vind rus in God. Ons krag, ons rus lê in vurig gebed. Daarvan het Jesus vir ons die voorbeeld gegee toe Hy in die nag van sy verraad ure in gebed deurgebring het!

Sing: Psalm 80 (1936)

Ds LD Aucamp (Emeritus)